## VERJAARDAE HIERDIE WEEK



Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

| | |
|---|---|
| 16 Mei | **Frans Drijfhout,** Koepelsig 16, ☎ 082 577 1927. Wyk 3 |
| 17 Mei | **André Vorster,** Paganinistraat 39, ☎ 083 532 4665. Wyk 8 |
| 18 Mei | **Ina Pelser,** Van Graanstraat 20, ☎ 072 492 6272. Wyk 5 |
| 19 Mei | **Jan de Wet,** Meulstraat 20, ☎ 082 370 2665. Wyk 6 |
| 20 Mei | **Annika Coetsee,** Harpington 41. Wyk 3 |
| 22 Mei | **Corrie v d Berg,** Huis Eikelaan 214, ☎ 083 279 5611. Wyk 14 |
| | **May Vorster,** Paganinistraat 39, ☎ 082 877 0647. Wyk 8 |

## VAN ONS DIAKONIE

**Die spesiale kollektes in Mei 2021 gaan vir:**

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 2 Mei | Emeritaatsfonds |
| Sondag | 9 Mei | Teologiese Studentekas |
| Sondag | 16 Mei | **Emeritaatsversorging** |
| Sondag | 23 Mei | Deputate Jeugsorg |
| Sondag | 30 Mei | Emeritaatsversorging |

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

| | |
|---|---|
| Diakonie: | **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA) |
| Kerkraad: | **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA) |
| Susters: | **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** |
| | Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723 |

### Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

**VRYDAGAAND 28 Mei 2021**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 17 Sondag 16 Mei 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderlinge van wyk 1(A1) Gert Kruger en wyk 2(A2) Frikkie Venter.
Diakens: Wyk 1(A2) Johan Viljoen en wyk 2(A2) Zurich Terblanche.

## EREDIENSTE Beide eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**OGGEND: Skriflesing:** Openbaring 12
**Sing:** Psalm 68: 1, 8, 9; Skrifberyming 43: 4, 5(Tema 15 - 7);
Skrifberyming 31:1, 2, 3(Tema 7 - 1); Ps 134: 4; Ps 2:1, 2, 4.

**AAND: Skriflesing:** Eksodus 32
Heidelbergse Kategismus Sondag 35.
**Sing:** Psalm 97:1, 4; Skrifberyming 26:3, 4 (Tema 9-1); Psalm 115:1, 9.

**Die diens vanmiddag by Huis Eikelaan is gekanselleer vanweë Covid**

**Kollektes vanoggend:** *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Emeritaatsversorging** in die rooi sakkies.
**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

## LIEF EN LEED

Ons dink in besonder in hierdie tyd aan **Huis Eikelaan**, elkeen van ons lidmate daar en al die inwoners, die personeel en bestuur. Die bestuur en senior personeel het die afgelope week besluit om die hele oord te sluit omdat 'n klein getal van die inwoners die virus opgedoen het. Mag ons troue Verbondsgod in sy goedheid en genade genesing gee aan diegene wat siek geword het en die gebede verhoor dat die virus nie verder sal versprei nie. Ons bid die bestuur en personeel ook al die wysheid toe wat hulle in hierdie tyd nodig het om die regte besluite te neem in belang van al die inwoners.



'n Seun van **Lappies en Henna Labuschagne** 084 260 6193 is positief getoets vir die virus. Ons is dankbaar dat daar reeds vordering is op pad na herstel en dink aan hulle familie in ons gebede. Mag ons hemelse Vader volkome genesing gee.

'n Seun en skoondogter van **Pollie Charlsund** 072 623 7947 was ook siek aan die virus, maar ons is baie dankbaar dat hulle reeds herstel het. Ons dank die Here vir sy groot genade.

Ons verseker **Piet en Karen Aartsma** 083 682 6031van ons voorbidding vir hulle. Piet en Karen en ook Piet se moeder het positief getoets vir Covid-19. Ons bid u genesing en spoedige herstel toe.

# DAGBOEK

**Katkisasie lesrooster**

| | Sondag 16 Mei 2021 | Sondag 23 Mei 2021 |
|---|---|---|
| Lesrooster:<br>Psalmvers: | Les 7<br>Psalm 9:1 | Les 8<br>Psalm 9:2 |
| Katkisasie toesig: | Ouderling Wyk 1 Graad 3 & 4<br>Ouderling Wyk : Graad 5 & 6 | Ouderling Wyk 3: Graad 7 & 8<br>Ouderling Wyk 4: Graad 9 & 10 |
| Maandag 17 Mei | 18:30 Hoërskoolkatkisasie | Les 5 |
| Woensdag 19 Mei | 2021<br>Belydenisklas | Heidelbergse Kategismus<br>Sondag 9 & 10 |
| Donderdag 20 Mei | 2021<br>Belydenisklas | Heidelbergse Kategismus<br>Sondag 40 & 41 |

# AFKONDIGINGS

Die kerkkantoor is weer terug in die konsistorie. Malie Wyma is Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 8:00 tot 13:00 op kantoor.

-----------

**BYBELSTUDIES:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Di | 18/05 | 15:00 | Huis Eikelaan | Prof. Callie Coetzee (sou die isolasiemaatreëls opgehef word) |
| | | 18:30 | Jeugkamer | Daniël 5 |
| Do | 20/05 | 09:30 | Konsistorie/ kerksaal | Handelinge 5:12 e.v. |
| | | 18:30 | Virtueel | Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267 |

**Cachet-basaar vind plaas by ons gemeente eerskomende Saterdag 22 Mei 2021 van 8:00 tot 13:00.**
**Teetuin, Bubble tea, Pannekoeke, Ontbyt**
**Boereworsrolle, Koffiekroeg**
**Asook kindervermaak, springkastele en lekker eetgoedjies**
Kom wees deel van die pret.

## OOSDOPPERFEES 29 MEI 2021

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos is fluks besig met die reëlings vir die jaarlikse Oosdopperfees wat op **Saterdag, 29 Mei 2021** plaasvind by Paryslaan.

Ons gewilde wors en kwaliteit maalvleis sal verkoop word, asook die groot trekpleisters vir kinders, die Grilgrot en ander kinderaktiwiteite.
**Onthou: Mooirivier Kersmark 22 November - 4 Desember 2021**

**Hierdie is die laaste byeenkoms voor die winter kom ondersteun die Diakonie!!**

# HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND
28 Mei 2021



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384
**R 25** per hamburger. Pannekoek **R 5.** Dit is 'n **"winskoop"**

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur